REDAKSIONEEL

Skrif en Kerk gaan voort met sy gebruik om kollegas uit ander teologiese fakulteite ook geleentheid te bied om mee te doen aan ons akademiese gesprek. In hierdie uitgawe lewer prof. M.H.O. Kloppers, 'n oud-dosent van ons Fakulteit en tans van die U.O.V.S., 'n bydrae. Ons publiseer ook 'n artikel van dr. J. du Preez van Stellenbosch.

Die Fakulteit geniet op die oomblik die luuksheid om as "vreemdelinge en bywoners te vertoef" in die nuwe Opvoedkunde-Regsgeleerdheidgebou. Die hoop beskaam egter nie dat ons gedurende die tweede helfte van 1982 die beloofde land sal binne trek nie.

Personalia: Vir die eerste keer in 'n hele paar jaar het ons hierdie jaar geen verwisseling van personeel ondervind nie. Voorwaar 'n rede tot groot blydskap.

Kollega W. Vosloo word gelukgewens met sy bevordering tot mede-professor.

Prof A.H. van Zyl word langs hierdie weg ook verseker van ons meegevoel en voorbidding.

W.S.P.